# WERKNEMERSBELASTING [LOPENDE BETAALSTELSEL (LBS)]

## Wat is nuut?

- **14 Junie 2018 - LBS BRS vir Werkgewer Rekonsiliasie (Augustus 2018 vrystelling) weergawe 17.1 gepubliseer.**

- **1 Junie 2018 - 2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 - 28 Februarie 2018)**
  Jy word vriendlik ingelig dat die sperdatum vir die indiening van Lopende Betaalstelsel (LBS) Werkgewer Jaarlikse Rekonsiliasies vir die tydperk 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018, wat belastingbedrae, wat verklaar is met betrekking tot die 2017/18 belastingtydperk, bevestig of regstel, nou gesluit het (vanaf 31 Mei 2018). Jou rekonsiliasies is laat en moet sonder enige verdere vertraging ingedien word, omdat jy aan boetes onderhewig kan wees.

- **1 April 2018 - 2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie (1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018) - GESLUIT**
  Werkgewers word vereis om hul Lopende Betaalstelsel (LBS) Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasies tussen 1 April en 31 Mei 2018, wat belastingbedrae bevestig of regstel, wat ten opsigte van die 2017/18 belastingtydperk verklaar is, in te dien.

## Besigheidsvereistes Spesifikasies (BRS) en tydlyne

| Besigheid Vereiste Spesifikasie | Jaar van toepassing | Indieningsdatums* |
|---|---|---|
| **BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2018/19** | 2019 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie<br>1 Maart 2018 - 28 Februarie 2019 | **Interim:** 15 Sep - 31 Okt 2018<br>**Jaarliks:** 1 Apr - 31 Mei 2019 |
| **BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2017/18** | 2018 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie<br>(1 Maart 2017 - 28 Februarie 2018) | **Interim:** 15 Sep - 31 Okt 2017<br>**Jaarliks:** 1 Apr - 31 Mei 2018 |
| **BRS - LBS Werkgewer Rekonsiliasie vir 2016/17** | 2017 Jaarlikse Werkgewer Rekonsiliasie<br>(1 Maart 2016 – 28 Februarie 2017) | **Interim:** 12 Sep - 31 Okt 2016<br>**Jaarliks:** 1 Apr - 31 Mei 2017 |

**Die finale indieningstydperke is onderhewig aan besigheidsvereistes/gereedheid en kalender werksdae datums. Finale bevestiging sal ten tyde van die toepaslike indieningstydperk gekommunikeer word.*

## Wat is LBS?

Werknemersbelasting verwys na die belasting wat ‘n werkgewer moet aftrek van die vergoeding betaal of betaalbaar aan 'n werknemer. Die aftrek- of weerhoudingsproses van belasting van ‘n werknemer se vergoeding, soos dit verdien word, staan bekend as LBS.

'n Werkgewer wat geregistreer is of vereis is om te registreer by SARS vir LBS en/of Vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) doeleindes, is ook vereis om by SARS te registreer vir die betaling van Werkloosheidversekeringsfonds (WVF) bydraes aan SARS. Jy kan eenmalig vir al die verskeie belastingsoorte registreer met die gebruik van die kliënte inligtingstelsel.

**Top wenk:** Die Indiensnemingbelastingaansporing moedig werkgewers aan om jong werkers in diens te neem deur 'n belastingaansporing aan die werkgewers te bied. Lees meer.

## Vir wie is dit?

Die bedrae wat afgetrek of teruggehou word, moet op 'n maandelikse basis deur die werkgewer aan SARS oorbetaal word deur die voltooiïng van die Maandelikse Werkgewer Verklaring (EMP201). Die EMP201 is 'n betalingsverklaring waarin die werkgewer die totale betaling verklaar tesame met die allokerings vir LBS, VOH, WVF en/of Indiensnemingbelastingaansporing (ETI) verklaar, indien nodig. 'n Unieke Betalingverwysingsnommer (PRN) sal vooraf

op die EMP201 ingevul wees en sal gebruik word om die werklike betaling met die toepaslike EMP201-betalingsverklaring te koppel.

## Hoe en wanneer moet dit betaal word?

Dit moet binne 7 dae na die einde van die maand waarin dit afgetrek is, oorbetaal word. Indien die laaste dag vir betaling op 'n naweek of publieke vakansiedag val, moet die betaling op die laaste werksdag voor die naweek of publieke vakansiedag gemaak word.

Die volgende betaalmetodes is beskikbaar (vanaf 1 April 2016):

- eFiling
- Elektroniese oorbetalings (EFT)
- Betalings by 'n bank: Alle betalings kan by enige ABSA, Albaraka Bank Beperk, Bank van Athene, Capitec, FNB, Habib Bank Zurich (HBZ), HSBC, Nedbank, Mercantile of Standard Bank-tak gemaak word.
- Betalings per hand sal nie meer deur SARS aanvaar word nie. Tjeks aan SARS gepos of afgelewer, sal aan die kliënt teruggestuur word.

Let asseblief dat hierdie veranderinge nie op Doeane van toepassing is nie.

**Let wel:**

Werkgewers wat Werknemersbelasting van as R10 miljoen in enige 12 maande tydperk betaal of moontlik sal betaal, moet Werknemersbelasting Verklarings indien en betalings elektronies maak.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- English
- Sepedi
- Sesotho
- Xitsonga